Voerkraal wenke

Nuusbrief – November 2017

Mari Strauss

Dit is nou weer tyd om skape af te rond in die voerkraal vir die Kersfees mark. Die tipe skaap het 'n groot effek op die prestasie van afronding. Enkele voorbeelde hiervan is:

- Jonger lammers het 'n beter voer omset verhouding (sien Tabel 1)
- Vleis- en woltipes presteer beter as woltipes of rasse wat vet aanpak
- Basterlammers groei vinniger
- Ramlammers groei vinniger as hammels wat vinniger groei as ooilammers

Genoegsame skaduwee is veral belangrik in Suid-Afrika en Namibië se somers. Die hoë voerinnames veroorsaak dat die lammers van hulle hitte ontslae moet raak deur die warm lug uit te asem en koel lug in te asem. As die lammers nie hulle liggame kan afkoel nie, sal hulle meer water drink en sodoende minder voer inneem en dus stadiger groei. Daar moet vir elke lam 0.27 - 0.5 vierkante meter skadu wees. Elke lam benodig ook 1.5 - 2.5 vierkante meter oppervlakte spasie, dus moet ten minste 'n vyfde van die lam se oppervlakte uit skaduwee bestaan. Moenie meer as 50 lammers in een kraal sit nie en probeer kompetisie uitskakel deur die lammers te groepeer volgens liggaamsmassa, ouderdom en geslag. Voerkrippe moet weg van die waterkrippe geplaas word om vermorsing te verminder en lammers se beweging te vermeerder. Die ideaal is dat voerkrippe in skadu moet wees, maar lammers moet nie voor die bak in die skaduwee lê, en die ander lammers weghou van die voerkrip nie. Elke lam benodig ten minste 10 cm vreet spasie en lynkrippe werk beter as selfvoerders. Lammers hou van vars kos en voer moet verkieslik twee maal of meer per dag uitgegooi word. Lammers moet *ad lib* gevoer word (geen beperking). Omdat lammers se voer omset beter is hoe jonger hulle is, gaan dit meer winsgewend wees om hulle so gou as moontlik op slaggewig

VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351

te kry as om vir hulle te rantsoeneer oor ‘n langer tydperk. Algemene voerkraal probleme is ooginfeksies, laksering, blaasstene, kopervergiftiging en vrot potjie. Ooginfeksies vertraag die lam se groei en dit word aangesteek deur vlieë en miggies. Dit kan ontspring as gevolg van te hoë konsentrasie diere in een kraal en baie stof. Vliegdodende middels kan opgehang word en lammers se oë kan behandel word met oog poeier of 1 tot 2 druppels oksitetrasikliene. Laksering (maagwerk) kom voor wanneer daar ‘n oorinname was van kragvoer of ‘n swak aanpassings-program. Dit kan lei tot laminitis wat die lammers se kloue affekteer en hulle sal stywe bewegings maak. Verwyder die kragvoer en gee vir die lammers net skoon lusern, doseer hulle ook met koeksoda water. Blaasstene kom gewoonlik in ramme en hammels voor en dit is as gevolg van ‘n ongebalanseerde kalsium : fosfor verhouding in die rantsoen, of te hoë fosfor vlakke in die rantsoen. Veekos se Afrond rantsoen het ammonium soute in vir die voorkoming hiervoor. Kopervergiftiging kom voor as die koper inhoud van die rantsoen te hoog is. Veekos sit geen addisionele koper in die Afrond rantsoen nie. Vrotpootjie kom meestal in natter klimate voor. Krale moet droog gehou word, veral om die waterbak, kloue moet kort gesny wees en die kraal oppervlakte kan met kalk bestrooi word.

Tabel 1: Die invloed van ouderdom op die doeltreffendheid van voeromsetting

Ouderdom (dae)	Massa (kg)	Voeromsetting (kg voer : kg vleis)
0 - 42	4.5 - 15	1 : 1
42 - 60	15 - 20	3 : 1
60 - 80	20 - 25	3.5 : 1
80 - 100	25 - 30	4 : 1
100 - 120	30 - 35	4.5 : 1
120 - 140	35 - 40	5 : 1
140 - 160	40 - 45	5.5 : 1

VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351